

DIE BRIEF AAN DIE GALASIËRS

Inleiding

Destyds het twee gebiede as Galasië bekend gestaan. Dit veroorsaak onsekerheid oor die ontstaansplek en datering van *Die Brief aan die Galasiërs*. Die Romeinse provinsie met hierdie naam het stede soos Antiogië in Pisidië, Ikonium, Listra en Derbe ingesluit. As hierdie gemeentes Paulus se teikengroep was, is *Galasiërs* tussen 50 en 52 nC geskryf, moontlik uit Korinthe. Dit staan bekend as die Suid-Galasiëse teorie. Daar was egter 'n ander gebied, meer noord geleë, wat tradisioneel as Galasië bekend gestaan en stede soos Ankira (die huidige Ankara), Tavium en Pessinus ingesluit het. Volgens die Noord-Galasiëse teorie het Paulus *Galasiërs* eerder aan gemeentes in hierdie gebied gerig. In hierdie geval is *Galasiërs* êrens tussen 52 en 55 nC vanuit Efese geskryf. Die meeste navorsers meen egter dat die meer bekende suidelike gemeentes in Paulus se visier was.

Paulus is die outeur van *Galasiërs*, maar hy betrek ook die plaaslike gelowiges by sy skrywe (1:2). Hy dikteer gewoonlik die meeste van sy briewe, of die grootste gedeeltes daarvan. Soos meermale in sy skrywes, neem hy egter teen die einde self die pen op (6:11).

Paulus het hierdie gemeentes self gestig en kon hulle daarom met goeie reg sy geestelike kinders noem (4:11-20). Dit blyk dat sekere predikers die gemeentes binnegedring en 'n “ander evangelie” verkondig het (1:6-7). Hierdie “ander evangelie” vereis aanvaarding van die besnydenis en ander wettiese bepalings (3:2; 4:10,21; 5:2-4,12; 6:12-13).

Gevolgtlik is hierdie gemeentes onseker en verward (5:10-12). Paulus besef dat drastiese ingrype nodig is. Daarom gebruik hy, ter wille van die waarheid van die evangelie, skerp taal en verskeie retoriese tegnieke om hulle tot insig te bring.

Soos die ander Paulusbriewe, vertoon *Galasiërs* die tipiese kenmerke van briewe uit die Nuwe-Testamentiese tydvak. Dit is opvallend dat hy, anders as in die aanhef van sy ander briewe, doelbewus sy gebruikelike danksegging of lofprysing weglaat, en selfs 'n vervloeking uitspreek teenoor diegene wat 'n ander evangelie verkondig (vgl 1:6-9). Daarmee toon hy sy verontwaardiging dat die Galasiërs hulle aan die dwaalleraars se praatjies steur. Die brief weerspieël Paulus se absolute passie vir die evangelie.

Galasiërs se tema is: Daar is net een ware evangelie — die een wat Paulus verkondig (1:6-10). Sy boodskap is dat God mense van hulle sonde vryspreek omdat hulle in die Here Jesus glo, en nie omdat hulle die wet gehoorsaam nie. As deel van Abraham se nageslag is Christene vry mense. In plaas van deur wette ingeperk te word, moet hulle hulle deur die Gees laat lei, sodat hulle ware geestelike vrug kan voortbring.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-5 Briefaanhef

1:6-10 Waarskuwing teen 'n ander evangelie

1:11 — 2:10 Paulus se evangelie kom van God self, en die egtheid daarvan word ook in Jerusalem erken

2:11 — 3:14 Verdediging van die waarheid van die evangelie wat Paulus verkondig

3:15-25 Die wet is ontoereikend vir verlossing

3:26 — 5:12 Die Galasiërs moet waak dat hulle godsdienstig vry bly; die “evangelie” van die teenstanders verteenwoordig godsdienstige slawerny

5:13 — 6:10: Gelowiges moet hulle vryheid reg gebruik deur onder beheer van die Gees te lewe

6:11-17 Finale waarskuwing

6:18 Seëngroet

1

¹ Paulus, 'n •apostel — nie op gesag van mense of deur 'n mens nie,^a maar wel deur Jesus •Christus* en God die Vader wat Hom uit die dood opgewek het — ² en van al die broers saam met my, aan die •gemeentes van Galasië:

³* Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus,

⁴ Hy wat Homself gegee het vir ons sondes* sodat Hy ons kan red uit die huidige bose bedeling* volgens die wil van ons God en Vader,

⁵ aan wie die heerlikheid behoort vir ewig en ewig! •Amen.

Waarskuwing teen 'n ander evangelie

⁶ Ek is verbaas dat julle so gou van Hom wat julle deur die genade van •Christus geroep het,^b wegdraai na 'n ander evangelie. ⁷ Daar is nie 'n

^a**1:1 nie op ... mens nie:** Die •bronteks lui “nie van mense of deur 'n mens nie”.

***1:1 apostel ... Christus:** Gal 1:11-12; Hand 20:24

***1:3** Rom 1:7; Fil 1:2; Filem vs 3

***1:4 Hy wat ... sondes:** Gal 2:20; 1 Tim 2:6; Tit 2:14

***1:4 huidige ... bedeling:** 1 Joh 5:19

^b**1:6 Hom wat ... geroep het:** Kan ook vertaal word “Die een (nl Paulus) wat ... julle geroep het.”

ander evangelie nie, al is daar sommige mense wat julle probeer verwar* en die evangelie van Christus wil verdraai.* ⁸ Maar selfs al sou ons of 'n engel uit die hemel 'n evangelie aan julle verkondig in stryd met wat ons aan julle verkondig het, laat hom vervloek wees!* ⁹ Soos ek^c so pas gesê het, sê ek nou weer: As iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met wat julle ontvang het, laat hom vervloek wees! ¹⁰ Probeer ek nou mense tevrede stel, of God?* Of soek ek die guns van mense? As ek nog steeds mense se guns sou probeer wen, sou ek nie meer 'n dienskneg van Christus wees nie!

Oorsprong van Paulus se evangelie

¹¹ Ek wil hê julle moet weet, broers,^d dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie 'n menslike saak is nie; ¹² want ek het dit nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar wel deur 'n openbaring van Jesus •Christus.^e

¹³ Julle het immers gehoor hoe ek vroeër volgens die Joodse godsdiens geleef het, dat ek die •kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer vernietig het,* ¹⁴ en dat ek in die uitlewing van die Joodse godsdiens baie van my tydgenote in my volk oortref het deurdat ek my soveel meer beywer^f het vir die tradisies van my voorvaders. ¹⁵ Toe God

* **1:7 sommige ... verwar:** Hand 15:24

* **1:7 die evangelie ... verdraai:** Hand 15:1

* **1:8 laat ... wees:** 1 Kor 16:22

^c **1:9 ek:** Die bronteks lui “ons”.

* **1:10 Probeer ... God:** 1 Thess 2:4

^d **1:11 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^e **1:12 openbaring ... Christus:** Kan beteken: ‘wat Jesus Christus aan my geopenbaar het’, of ‘deurdat Jesus Christus aan my geopenbaar is’.

* **1:13 dat ek ... vernietig het:** Hand 8:3; 22:4-5; 26:9-11

^f **1:14 beywer:** Die bronteks lui “n groter yweraar was”; vgl Luk 6:15; Hand 22:3.

dit egter goedgevind het — Hy wat my afgesonder het van voor my geboorte af en my deur sy genade geroep het* — ¹⁶ om sy Seun aan my^g te openbaar* sodat ek Hom aan die heidene sou verkondig,* het ek nie dadelik vlees en bloed geraadpleeg nie. ¹⁷ Ook het ek nie na Jerusalem opgegaan na hulle wat vóór my •apostels was nie, maar ek het wel na Arabië^h gegaan en toe weer na Damaskus teruggekeer.

¹⁸ *Eers later, ná drie jaar, het ek na Jerusalem opgegaan om Sefasⁱ te ontmoet en ek het vyftien dae by hom gebly, ¹⁹ maar van die apostels het ek niemand anders gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here.* ²⁰ *Wat ek vir julle skryf — kyk, dit sê ek voor God, ek lieg nie! ²¹ Later het ek na die streke van Sirië en Silisië gegaan, ²² maar ek was persoonlik onbekend by die Christelike •gemeentes^j in Judea. ²³ Al wat hulle steeds bly hoor het, was: “Hy wat ons voorheen vervolg het, verkondig nou die geloof wat hy vroeër probeer vernietig het!” ²⁴ En hulle het God oor my verheerlik.

2

Evangelie in Jerusalem

¹ *Daarna, veertien jaar later, het ek weer, saam met Barnabas, na

***1:15** *Hy wat ... geroep het:* Jes 49:1; Jer 1:5; Rom 1:1

^g**1:16** *aan my:* Kan ook vertaal word “in my”.

***1:16** *om ... openbaar:* Hand 9:3-6; 22:6-10; 26:13-18

***1:16** *sodat ... verkondig:* Gal 2:7

^h**1:17** *Arabië:* Die landstreek oos en suid van Damaskus.

***1:18** Hand 9:26

ⁱ**1:18** *Sefas:* •Petrus se Aramese naam, dit beteken ‘rots’.

***1:19** *Jakobus ... Here:* Matt 13:55; Mark 6:3

***1:20** Hand 9:30

^j**1:22** *Christelike gemeentes:* Die bronteks lui “die gemeentes ... in Christus”.

***2:1** Hand 15:2

Jerusalem opgegaan. Ek het ook Titus saamgeneem. ² Ek het op grond van 'n openbaring opgegaan en die evangelie wat ek onder die heidene verkondig aan hulle voorgelê — afsonderlik aan die mense van aansien — sodat ek nie vergeefs hardloop^k of gehardloop het nie. ³ Maar selfs Titus, wat saam met my was, is nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek^l is. ⁴ Die saak het ontstaan omdat skynheilige broers, wat onder valse voorwendsels ingesmokkel is, ingesypel het om te spioeneer op die vryheid wat ons in Christus Jesus het. Hulle doel was om van ons slawe te maak. ⁵ Ons het nie vir 'n oomblik in onderdanigheid aan hulle toegegee nie, sodat die waarheid van die evangelie onder julle behoue sou bly. ⁶ Maar die mense van aansien — wat hulle vroeër was, maak aan my geen verskil nie; God slaan nie ag op die aansien wat 'n mens het nie* — ja, die vooraanstaande mense het my niks meer opgelê nie. ⁷ Inteendeel, toe hulle sien dat die evangelie aan die onbesnedenes aan my toevertrou is,* soos aan •Petrus die evangelie aan die besnedenes^m ⁸ — want Hy wat kragtig in Petrus gewerk het met die oog op sy diens as •apostel aan die besnedenes, het ook kragtig in my gewerk, met die oog op die heidene — ⁹ het Jakobus en Sefasⁿ en Johannes wat as die pilare gereken is, die genade wat aan my gegee is, begryp en het hulle die •regterhand van broederskap na my en Barnabas gereik, sodat ons na die heidene sou gaan, en hulle na die besnedenes. ¹⁰ * Ons moes slegs sorg dat ons die armes in gedagte hou — presies wat

^k**2:2 hardloop:** Met die beeld van 'n wedloop verwys Paulus na sy evangelieverkondiging; vgl 1 Kor 9:24-26; Fil 3:12.

^l**2:3 Griek:** 'n Term vir alle nie-Jode.

^{*}**2:6 God ... het nie:** Deut 10:17

^{*}**2:7 die evangelie ... is:** Hand 9:15; 22:21

^m**2:7 onbesnedenes ... besnedenes:** Dit verwys respektiewelik na nie-Jode en Jode.

ⁿ**2:9 Sefas:** •Petrus se Aramese naam, dit beteken 'rots'.

^{*}**2:10** Hand 11:29-30

ek my ook beywer het om te doen.

Evangelie in Antiogië

¹¹ Toe Sefas^o in Antiogië aangekom het, het ek hom egter openlik teengegaan omdat hy skuldig was; ¹² want voordat sekere mense van Jakobus opgedaag het, het Sefas gewoonlik saam met die heidene geëet,^{*} maar toe hulle opdaag, het hy hom teruggetrek en afgesonder omdat hy bang was vir diegene uit die besnydenis.^p ¹³ En die ander Jode het ook saam met hom skynheilig opgetree, met die gevolg dat selfs Barnabas deur hulle skynheiligheid meegevoer is. ¹⁴ Maar toe ek sien dat hulle nie die reguit pad loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek voor almal vir Sefas gesê: “As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden leef en nie soos 'n Jood nie, hoe kan jy nie-Jode dwing om soos Jode te leef?”^q ¹⁵ Ons is gebore Jode en nie sondaars uit die heidene nie ¹⁶ en tog weet ons dat 'n mens nie op grond van nakoming van die wet^r geregverdig kon^s word nie,^{*} maar slegs deur die geloof in Jesus •Christus.^t Ook ons het in

^o2:11 *Sefas*: Vgl voetnoot in Gal 2:9.

^{*}2:12 *het Sefas ... geëet*: Hand 11:3

^p2:12 *diegene ... besnydenis*: Dws Joodse Christene.

^q2:14 *As jy ... Jode te leef*: Daar bestaan onsekerheid daaroor of Paulus se direkte woorde aan Petrus hier eindig.

^r2:16 *nakoming ... wet*: Die bronteks lui “werke van die wet”.

^s2:16 *geregverdig kon*: Kan ook vertaal word “vrygespreek kan”. Die Griekse woorde wat in Rom 1:17 en elders in *Romeine* met “geregtheid” en “geregverdig word” vertaal word, gaan om die unieke wyse waarop God as Regter sy regspraak beoefen. Hy spreek sondaars vry op grond van die verdienste van Christus, sodat hulle daardeur geregverdig word. Op hierdie wyse gebruik Paulus die term veral ook in *Galasiërs*.

^{*}2:16 *dat 'n mens ... geregverdig kon word nie*: Hand 15:10,11; Rom 3:20,28; 4:5; 11:6; Ef 2:8; Gal 3:11

^t2:16 *geloof in Jesus Christus*: Die bronteks lui “geloof van ...” of “getrouheid van Jesus Christus”. Dit kan beteken: 1. Geloof in Jesus Christus (soos in die sin wat direk op hierdie een volg); 2. Christus se getrouheid; 3. Christus se geloof.

Christus Jesus geglo, sodat ons vrygespreek^u kon word op grond van geloof in Christus en nie op grond van nakoming van die wet nie, omdat geen mens op grond van wetsgehoorsaamheid geregverdig sal word nie.*

¹⁷ En as dit blyk dat ons, in ons soeke om in Christus vrygespreek te word, self ook sondaars is, is Christus dan miskien 'n dienaar van die sonde? Hoegenaamd nie, ¹⁸ want as ek wat ek afgebreek het weer opbou, wys ek daarmee dat ek self 'n oortreder is.

¹⁹ Inderdaad, deur die wet het ek die wet afgesterf* sodat ek vir God leef. Met Christus is ek gekruisig; ²⁰ ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou liggaamlik^v leef, leef ek in geloof in die •Seun van God* wat my liefgehad* en Homself vir my oorgegee het.* ²¹ Ek verwerp nie die genade van God nie; want as •vryspraak deur die wet kom, dan het Christus tevergeefs gesterf.

3

Evangelie in Galasië

¹ O, julle dwase Galasiërs, wie het julle getoor? Julle voor wie se oë Jesus •Christus so duidelik as gekruisigde geteken is! ² Net dit wil ek van julle weet: Het julle die Gees ontvang op grond van die nakoming van die wet of op grond van julle geloof in wat julle gehoor het? ³ Is julle so dwaas? Julle het met die krag van die Gees^w begin; gaan julle nou met

^u**2:16 vrygespreek:** Kan ook vertaal word “geregverdig”.

***2:16 geen mens ... geregverdig sal word nie:** Ps 143:2

***2:19 het ek ... afgesterf:** Rom 7:6

^v**2:20 liggaamlik:** Die bronteks lui “in die vlees”.

***2:20 geloof ... God:** Gal 2:16

***2:20 die Seun ... liefgehad:** Joh 13:1; 17:23; 1 Joh 3:16

***2:20 Homself ... oorgegee het:** Gal 1:4; 1 Tim 2:6; Tit 2:14

^w**3:3 met die krag ... Gees:** Die •bronteks lui “in die Gees”.

menslike krag^x eindig? ⁴ Het julle vergeefs soveel beleef?^y Indien wel, dan was dit inderdaad tevergeefs!^z ⁵ Gee Hy dan vir julle die Gees en verrig Hy kragtige dade onder julle op grond van die nakoming van die wet of op grond van julle geloof in wat julle gehoor het?

Die Skrif as bewys van die evangelie

⁶ Soos van Abraham gesê is: “Abraham het God geglo en God het sy geloof vir hom as regverdiging^a gereken.”^{*} ⁷ Besef dan: Die mense wat op geloof staatmaak,^b is kinders van Abraham. ⁸ En omdat die Skrif dit vooruit gesien het dat God die heidene op grond van geloof sou •vryspreek, het die Skrif die evangelie reeds vooraf aan Abraham verkondig: “In jou sal al die nasies^c geseën word.”^{*} ⁹ *Daarom word die mense wat glo, saam met die gelowige Abraham geseën. ¹⁰ Trouens, diegene wat op die nakoming van die wet staatmaak,^d val onder 'n vloek, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie hou by alles wat in die Wet geskryf staan, en dit nie uitvoer nie.”^{*}

¹¹ En dat niemand op grond van die wet voor God geregverdig^e word nie,^{*}

^x3:3 *menslike krag*: Die bronteks lui “in die vlees”.

^y3:4 *beleef*: Word deur sommige vertalings as “gely” weergegee.

^z3:4 *Indien ... tevergeefs*: Of “As dit regtig tevergeefs was.”

^a3:6 *regverdiging*: Kan ook vertaal word “vryspraak”.

^{*}3:6 *Abraham het ... gereken*: Gen 15:6; Rom 4:3,9; Jak 2:23

^b3:7 *Die mense ... staatmaak*: Die bronteks lui “Dié (mense) uit geloof”.

^c3:8 *heidene ... nasies*: Dieselfde Griekse woord word hier respektiewelik met “heidene” en “nasies” vertaal.

^{*}3:8 *In jou ... word*: Gen 12:3; 18:18; Sir 44:21; Hand 3:25

^{*}3:9 Rom 4:16

^d3:10 *diegene ... staatmaak*: Die bronteks lui “dié (mense) uit die werke van die wet”.

^{*}3:10 *Vervloek ... uitvoer nie*: Deut 27:26

^e3:11 *geregverdig*: Kan ook vertaal word “vrygespreek”. Vgl voetnoot (geregverdig kon) in Gal 2:16.

^{*}3:11 *niemand ... word nie*: Rom 3:20; Gal 2:16

is duidelik, want: “Wie deur geloof geregverdig is, sal leef.”^f ¹² En die wet is nie gegrond op geloof nie; intendeel: “Wie dit nakom, sal daardeur leef.”*

¹³ •Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet* deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het,* want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.”* ¹⁴ Die doel was dat die seën wat Abraham ontvang het in Christus Jesus na die nasies sou gaan, en dat ons die Gees wat belof is, deur die geloof sou ontvang.

Voorrang van die verbond bo die wet

¹⁵ Broers,^g ek gee 'n voorbeeld uit ons daaglikse lewe: Dit is soos iemand se testament^h wat bekragtig is; niemand maak dit ongeldig of voeg bepalings by nie. ¹⁶ En die belofte is aan Abraham en sy Saad toegesê. Daar staan nie “en aan die sade” soos wat 'n mens na baie sou verwys nie, maar soos wat 'n mens na een verwys: “en aan jou Saad”ⁱ — dit is •Christus. ¹⁷ Dit is wat ek bedoel: Die wet wat vierhonderd-en-dertig jaar* later gekom het, maak nie die verbond wat vroeër deur God bekragtig is, kragteloos en daardeur die belofte tot niet nie. ¹⁸ Immers, as die erfenis op die wet berus, berus dit nie meer op die belofte nie.* Maar God het dit

^f**3:11 Wie ... sal leef:** Hierdie aanhaling uit Hab 2:4 •Septuagint word deur Paulus op 'n eie besondere manier weergegee; vgl Heb 10:38.

***3:12 Wie ... leef:** Lev 18:5; Rom 10:5

***3:13 Christus ... wet:** Rom 8:3; Gal 4:5

***3:13 Hy ... geword het:** 2 Kor 5:21

***3:13 Vervloek ... hang:** Deut 21:23

^g**3:15 Broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^h**3:15 testament:** Dieselfde Griekse woord word vir “testament” en “verbond” gebruik (vgl Gal 3:17).

ⁱ**3:16 jou Saad:** Vgl Gen 12:7; 13:15; 17:7; 24:7; moontlik ook 'n indirekte verwysing na Gen 3:15 as heenwysing na Jesus Christus.

***3:17 430 jaar:** Eks 12:40

***3:18 Immers ... belofte nie:** Rom 4:14; 11:6

uit genade vir Abraham deur 'n belofte geskenk.

Voorrang van die geloof bo die wet

¹⁹ Hoekom dan die wet? Die wet is bygevoeg met die oog op^j die oortredinge;* dit is gegee totdat die Saad^k sou kom aan wie die belofte gemaak is; dit is beskik deur middel van engele,* deur die tussenkoms van 'n middelaar.^l ²⁰ 'n Middelaar beteken egter dat daar nie net een betrokke is nie, maar God is één!

²¹ Is die wet dan in stryd met die beloftes van God? Hoegenaamd nie!* Want as daar 'n wet gegee sou wees wat lewend kon maak, sou die •vryspraak eintlik op grond van die wet kon geskied. ²² Maar die Skrif het alles onder die sonde ingesluit* sodat die belofte wat op geloof in Jesus •Christus* gegrand is, gegee kon word aan diegene wat glo.

²³ Voordat hierdie geloof gekom het, was ons onder die toesig van die wet,* ingesluit met die oog op die geloof wat in die toekoms geopenbaar sou word. ²⁴ *Die wet was dus ons oppasser^m met die oog op Christus, sodat ons deur geloof geregverdig kon word. ²⁵ Maar nou dat die geloof

^j**3:19 met ... op:** Die woord in die bronteks kan beteken dat die wet gegee is om die oortredinge te beperk of uit te wys.

***3:19 Hoekom ... oortredinge:** Rom 5:20

^k**3:19 Saad:** Paulus bedoel Christus; vgl Gal 3:16.

***3:19 deur middel van engele:** Hand 7:38,53; Heb 2:2

^l**3:19 'n middelaar:** Paulus bedoel Moses.

***3:21 Is ... Hoegenaamd nie:** Rom 8:2-4

***3:22 die Skrif ... ingesluit:** Rom 3:11-19; 11:32

***3:22 geloof ... Christus:** Gal 2:16

***3:23 onder ... wet:** Gal 4:23

***3:24** Rom 10:4

^m**3:24 oppasser:** Die Griekse woord verwys na die slawe wat in die destydse wêreld gebruik is om kinders op te pas en te dissiplineer totdat hulle volwasse is.

gekom het, staan ons nie meer onder die toesig vanⁿ 'n oppasser nie.

Gelowiges as kinders en erfgename van God

²⁶ *Want deur die geloof

is julle almal kinders van God in •Christus Jesus,

²⁷ want julle wat in Christus gedoop is,*

het Christus soos 'n kleed aangetrek.*

²⁸ Daar is nou nie meer Jood of Griek,^{o*}

nie meer slaaf of vryman,

nie meer manlik en vroulik nie,

want julle almal is één in Christus Jesus!

²⁹ En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag^p van Abraham en ooreenkomstig die belofte, erfgename.*

4

¹ Hiermee bedoel ek: Solank as die erfgenaam nog minderjarig^q is, verskil hy niks van 'n slaaf nie, alhoewel hy die eienaar van alles is. ² Maar hy staan onder die beheer van voogde en bestuurders tot die tyd aanbreek wat deur sy vader bepaal is. ³ Net so is dit ook in ons geval: Toe ons nog minderjarig was, was ons as slawe onderwerp aan die elementêre beginsels van die wêreld;

ⁿ3:25 **die toesig van:** Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

*3:26 Joh 1:12

*3:27 *in ... is:* Rom 6:3

*3:27 *het ... aangetrek:* Rom 13:14

^o3:28 **Griek:** 'n Term vir alle nie-Jode.

*3:28 *Daar ... Griek:* Rom 10:12

^p3:29 **nageslag** Letterlik 'saad'.

*3:29 *nageslag ... erfgename:* Rom 4:13

^q4:1 **minderjarig:** Dit verwys hier na geestelike onvolwassenheid.

⁴ maar toe die tyd vervul is,*
het God sy Seun uitgestuur,
gebore uit 'n vrou,*
gebore onder die wet,
⁵ sodat Hy dié onder die wet kon loskoop,^{r*}
sodat ons as sy seuns aangeneem kon word.*

⁶ *En omdat julle sy seuns is,
het God die Gees van sy Seun
uitgestuur tot in ons harte,
die Gees wat roep: “Abba,^s Vader!”

⁷ Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun;

en as jy seun^t is, is jy ook erfgenaam deur God.*

Besorgdheid oor die Galasiërs

⁸ Maar vroeër, toe julle God nog nie geken het nie, was julle verslaaf

* 4:4 *die tyd ... is:* Ef 1:10

* 4:4 *sy Seun ... vrou:* Joh 1:14; Rom 1:3

^r4:5 **loskoop:** Destyds was 'n slaaf die eiendom van sy eienaar. Elke slaaf het 'n bepaalde geldwaarde (of prys) gehad. 'n Eienaar kon instem dat 'n slaaf sy vryheid kry wanneer iemand die eienaar vergoed vir die verlies van die waarde van sy slaaf deur die slaaf se “prys” te betaal. Só is 'n slaaf “losgekoop”.

* 4:5 *dié ... loskoop:* Gal 3:13

* 4:5 *as sy ... word:* Rom 8:15

* 4:6 Rom 8:15-16

^s4:6 **Abba:** Die Aramese woord vir ‘Vader’, waarmee Jesus God in die gebed aangespreek het; Mark 14:36.

^t4:7 **seun:** Destyds was dit die oudste seuns wat geërf het, in hulle hoedanigheid as verteenwoordigers van die familie.

* 4:7 *en as ... God:* Rom 8:17; Gal 3:29

aan gode wat in werklikheid nie bestaan nie.* ⁹ En nou dat julle God ken — of liewer, nou dat God julle ken — hoe is dit moontlik dat julle weer terugdraai na die swak en minderwaardige elementêre beginsels en weer van voor af daaraan verslaaf wil raak? ¹⁰ Julle onderhou vasgestelde dae en maande en tye en jare.^u ¹¹ Ek is bevrees dat al my harde arbeid onder julle dalk tevergeefs was.

'n Ernstige beroep op die Galasiërs

¹² Ek smeeek julle, broers,^v word soos ek omdat ek soos julle geword het! Julle het my geen onreg aangedoen nie. ¹³ Julle weet dat ek die eerste keer weens my siekte die evangelie aan julle verkondig het, ¹⁴ en alhoewel my siek liggaam vir julle 'n beproewing was, het julle my nie verag of verfoei nie. Inteendeel, julle het my soos 'n engel van God ontvang, soos Christus Jesus! ¹⁵ Waar is julle blydschap dan nou? Ek kan van julle getuig dat, indien dit moontlik was, julle julle oë sou uitruk en vir my sou gee! ¹⁶ *Het ek dan julle vyand geword omdat ek vir julle die waarheid vertel? ¹⁷ Hulle beywer hulle nie met goeie bedoelings vir julle nie; inteendeel, hulle wil julle van my af weghou sodat julle julle vir hulle kan beywer. ¹⁸ Die regte ding is om julle altyd vir die goeie te beywer en nie net wanneer ek by julle is nie. ¹⁹ My kinders, ek ervaar weer geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry. ²⁰ Ek wens ek was nou by julle en kon met 'n ander stemtoon met julle praat, want ek is raadop met julle!

* **4:8 gode ... bestaan nie:** 2 Kron 13:9; Jes 37:19; Jer 2:11; 1 Kor 8:4-6

^u**4:10 vasgestelde ... jare:** Verwys na die onderhouding van Joodse Sabbatte, vasdae en ander feesdae en -jare.

^v**4:12 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* **4:16** Am 5:10

Abraham se twee seuns

²¹ Sê vir my, julle wat onder die gesag van die wet wil staan, luister julle dan nie na die wet nie? ²² Want daar staan geskryf dat Abraham twee seuns gehad het, een by 'n slavin* en een by 'n vrou wat vry was.* ²³ *Die slavin se seun is op 'n natuurlike manier verwek, maar die vrou wat vry is se seun op grond van 'n belofte. ²⁴ Om dit allegories^w te stel: Hierdie twee vroue verteenwoordig twee verbonde: die een wat van die berg Sinai af kom, bring slawe voort;* dit is Hagar. ²⁵ En Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië; sy verteenwoordig die huidige Jerusalem, omdat sy en haar^x kinders slawe is. ²⁶ Maar die hemelse Jerusalem^y* is vry; sy is ons moeder! ²⁷ Want daar staan geskryf:

“Wees bly, onvrugbare vrou wat nie geboorte skenk nie!
Jubel en juig, jy wat nie geboortepyne ken nie.
Want die baie kinders van die verstote vrou is meer
as dié van die vrou met 'n man.”*

²⁸ En julle, broers,^z is — net soos Isak — kinders van die belofte.* ²⁹ Maar,

* **4:22** *een by 'n slavin:* Gen 16:15

* **4:22** *een by 'n vrou ... was:* Gen 21:2

* **4:23** Rom 9:7-9

^w**4:24** *allegories:* Dit is destyds verstaan as 'n stylfiguur waarin bepaalde persone en gebeure op ander persone en gebeure toegepas word.

* **4:24** *die een ... voort:* Rom 8:15; Gal 5:1

^x**4:25** *haar:* In antieke tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

^y**4:26** *die hemelse Jerusalem:* Die bronteks lui “die Jerusalem van bo”.

* **4:26** *die hemelse Jerusalem:* Heb 12:22; Op 3:12; 21:2,10

* **4:27** *Wees ... man:* Jes 54:1

^z**4:28** *broers:* Vgl voetnoot in 4:12.

* **4:28** *net soos ... belofte:* Rom 9:7; Gal 3:29

soos hy wat op 'n natuurlike manier verwek is, destyds die een vervolg het wat deur die werking van die Gees verwek is,* so gebeur dit ook nou.³⁰ Maar wat sê die Skrif? “Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun* van die vrou wat vry is, erf nie!”³¹ *Daarom, broers, is ons nie kinders van die slavin nie, maar van die vrou wat vry is.

5

¹ Vryheid is waarvoor •Christus ons bevry het!* Staan dan vas en laat julle nie weer onder 'n juk van slawerny* indwing nie!

Waarskuwing teen die besnydenis

² Kyk, ek, Paulus, sê nou vir julle, as julle julle laat besny, sal •Christus vir julle niks beteken nie. ³ Ek getuig weer teenoor elkeen wat hom laat besny, dat hy verplig is om die hele wet te onderhou. ⁴ Julle wat op grond van die wet vrygespreek wil word — julle is van Christus afgesny, julle het die genade verbeur! ⁵ Maar ons, ons verwag deur die Gees en op grond van geloof die •vryspraak waarop ons hoop.^a ⁶ Want in Christus Jesus is besnedenheid of onbesnedenheid van geen belang nie,* maar wel geloof wat deur liefde in daade omgesit word.

⁷ Julle het goed gehardloop. Wie het julle verhinder om aan die waarheid

* **4:29** soos ... verwek is: Gen 21:9

* **4:30** Jaag ... met die seun: Gen 21:10; vgl Joh 8:35

* **4:31** Gal 3:29

* **5:1** Vryheid ... bevry het: Joh 8:32,36; Gal 2:4; 5:13

* **5:1** 'n juk van slawerny: Hand 15:10

^a**5:5 die vryspraak ... hoop:** Letterlik ‘die hoop van/op die vryspraak’. Kan dus ook vertaal word “die hoop wat ons het omdat ons vrygespreek is”.

* **5:6 is besnedenheid ... belang nie:** 1 Kor 7:19; Gal 6:15

gehoorsaam te bly? ⁸ Dié oorreding kom nie van Hom wat julle roep* nie. ⁹*'n Bietjie suurdeeg maak al die deeg suur. ¹⁰ Wat julle betref: Ek is in die Here daarvan oortuig dat julle nie van my sal verskil nie; maar die een wat julle verwar, sal die straf dra, wie hy ook al mag wees.

¹¹ En ek, broers,^b as ek steeds die besnydenis verkondig, waarom word ek dan nog vervolg? Dan is die struikelblok van die kruis immers uit die weg geruim. ¹² Ek wens diegene wat julle so opstandig maak, wil hulleself volledig laat ontman!

'n Lewe deur die Gees

¹³ Julle, broers,^c is tog tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik sodat dit aanleiding gee vir ons sondige aard nie,* maar dien mekaar deur liefde. ¹⁴ Want die hele wet word in één uitspraak vervul: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”* ¹⁵ As julle mekaar byt en verslind, pas op dat julle nie deur mekaar verteer word nie!

¹⁶ Maar ek sê: Leef deur die Gees,* dan sal julle beslis nie die begeertes van ons sondige aard uitvoer nie, ¹⁷* want ons sondige aard begeer teen die Gees, en die Gees begeer teen ons sondige aard; die twee opponeer mekaar,* sodat julle nie kan doen wat julle ook al wil nie. ¹⁸ As julle egter

***5:8** *Hom ... roep*: Gal 1:6

***5:9** 1 Kor 5:6

^b**5:11** *broers*: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^c**5:13** *broers*: Vgl voetnoot in Gal 5:11.

***5:13** *Moet net ... aard nie*: 1 Pet 2:16

***5:14** *Jy ... jouself*: Lev 19:18; Matt 5:43; 19:19; 23:39; Mark 12:31; Luk 10:27; Rom 13:9; Jak 2:8

***5:16** *Leef ... Gees*: Rom 8:4; Gal 5:25

***5:17** Rom 7:15-23

***5:17** *want ... mekaar*: 1 Pet 2:11

deur die Gees gelei word,* staan julle nie onder die toesig van^d die wet nie.*

¹⁹*Die praktyke van ons sondige aard is goed bekend, naamlik onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid,²⁰ afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring,²¹ afguns, dronkenskap, gefuif en hierdie soort dinge — waarteen ek julle nou weer waarsku, soos ek julle vroeër gewaarsku het, naamlik dat diegene wat sulke dinge doen, die •koninkryk van God nie sal beërf nie.

²²Maar die vrug van die Gees* is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid,²³ sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen hierdie soort dinge is daar nie 'n wet nie.^e

²⁴*Almal wat aan •Christus Jesus behoort, het hulle sondige aard met sy hartstogte en begeertes gekruisig.²⁵ Aangesien ons deur die Gees leef, laat ons ook volgens die Gees optree.*²⁶ Laat ons nie verwaand wees,* mekaar uittart of op mekaar jaloers wees nie.

6

¹Broers,^f as iemand deur een of ander sonde oorval word, moet julle wat met die Gees vervul is,^g so iemand* in 'n gees van sagmoedigheid

*5:18 *deur ... word:* Rom 8:14

^d5:18 *die toesig van:* Ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

*5:18 *staan ... wet nie:* Rom 6:14; 7:4

*5:19-21 1 Kor 6:9-10; Ef 5:5; Op 22:15

*5:22 *Maar ... Gees:* Ef 5:9

^e5:23 *is daar ... wet nie:* Kan ook vertaal word “is die (Joodse) wet nie”; vgl 1 Tim 1:9.

*5:24 Rom 6:6; Kol 3:5

*5:25 *laat ... optree:* Rom 8:4; Gal 5:16

*5:26 *Laat ... verwaand wees:* Fil 2:3

^f6:1 *Broers:* Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

^g6:1 *julle ... vervul is:* Kan ook vertaal word “julle wat geestelik is”.

*6:1 *as iemand ... so iemand:* Matt 18:15; Jak 5:19

reghelp; maar let op jouself dat ook jý nie versoek word nie.

² Dra mekaar se laste,* en vervul so die wet van •Christus. ³ As iemand meen dat hy iets is terwyl hy niks is nie, bedrieg hy homself. ⁴ Elkeen moet sy eie dade beoordeel.* Dan sal hy trots kan wees slegs wat homself betref en nie wat 'n ander persoon betref nie; ⁵^hwant elkeen moet sy eie las dra.

⁶ Wie onderrig in die Woord ontvang, moet die een wat hom onderrig, laat deel in al die goeie dinge wat hy besit.

⁷ Moet julle nie laat mislei nie — God laat Hom nie bespot nie! Wat die mens ook al saai, sal hy maai. ⁸* Hy wat in sy sondige aard saai, sal uit sy sondige aard vernietiging oes, maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe oes. ⁹ Laat ons daarom nie moeg raak om goed te doen nie,* want as ons nie verslap nie, sal ons op die regte tyd oes.

¹⁰ Daarom: Laat ons dan, terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed doen, maar veral aan ons geloofsgenote.

Finale waarskuwing

¹¹ Kyk met watter groot letters skryf ek nou vir julle in my eie handskrif.

¹² Mense wat deur die uiterlike 'n indruk wil maak — dit is hulle wat julle probeer dwing om besny te word, net sodat hulle nie ter wille van die kruis van •Christus vervolg sal word nie.* ¹³ Want diegene wat hulle laat besny, onderhou self nie die wet nie, maar hulle wil hê dat julle besny

* **6:2** *Dra ... laste:* Rom 15:1

* **6:4** *Elkeen ... beoordeel:* 1 Kor 11:28; 2 Kor 13:5

^h**6:5** Paulus haal hier waarskynlik 'n bekende idioom uit sy tyd aan; vgl Rom 14:12.

* **6:8** Joh 3:6; 6:63; Rom 8:13

* **6:9** *Laat ... doen nie:* 2 Thess 3:13

* **6:12** *dit is ... word nie:* Gal 5:11

word sodat hulle hulle op julle liggameⁱ kan beroem. ¹⁴ Maar wat my betref, mag dit my tog nie oorkom dat ek by op iets beroem nie, behalwe op die kruis van ons Here Jesus Christus,^{*} waardeur^j die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. ¹⁵ Want besnedenheid of onbesnedenheid beteken hoegenaamd niks nie,^{*} maar 'n nuwe skepping^k wel. ¹⁶ Vir hulle wat volgens hierdie beginsel leef: vrede en ontferming — en vir die Israel^{*} van God!

¹⁷ Ten slotte: Laat niemand my verder moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van Jesus aan my liggaam.^{*}

Seëngroet

¹⁸ Die genade van ons Here Jesus •Christus bly met julle gees, broers!^l
•Amen.

ⁱ6:13 **julle liggame:** Letterlik ‘julle vlees’. Dit verwys hier na hulle besnedenheid.

^{*}6:14 *Maar ... Christus:* 1 Kor 1:31; 2:2

^j6:14 **waardeur:** Word ook vertaal “deur wie”.

^{*}6:15 *Want ... niks nie:* 1 Kor 7:19; Gal 5:6

^k6:15 **skepping:** Verwys na die nuut geskepte mens; vgl 2 Kor 5:17; Ef 4:24; Kol 3:10.

^{*}6:16 *vrede ... Israel:* Ps 125:5; 128:6

^{*}6:17 *want ... liggaam:* 2 Kor 4:10

^l6:18 **broers:** Vgl voetnoot in Gal 6:1.